Skrifverwysing

Genesis 25:19-34

Memoriseer

Filippense 2:4

NV: *Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.*

OV: *Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.*

Lesfokus

Jakob het op 'n selfsugtige manier vir Esau mislei om die geboortereg te verkoop wat God aan Esau gegee het.

Lesuitkomste

1. Identifiseer Jakob se selfsugtige dade;
2. Bespreek tye wanneer kinders van hulle ouderdom moontlik selfsugtig sal optree;
3. Kies wyse hoe hy/sy onselfsugtig kan optree en vir mekaar kan sorg.

Lewensfokus

Tree onselfsugtig op.



Wenk

Diensbaarheidsprojekte (soos *Laat Ek Jou Help* op bladsy 22) skep geleentheid vir jou klas om verder te gaan as om net te praat oor en te hoor van gehoorsaamheid aan God. Diensbaarheidsdade in groepsverband help die kinders om die Bybel op 'n praktiese manier te gehoorsaam.

Jakob en Esau

Ontdek

MATERIAAL

Bybel, pak klein lekkertjies of beskuitjies of enige ander eetgoed.

WERKSWYSE

Wys die pak lekkertjies. **Hoe sou julle voel as ek vir julle elkeen net een lekkertjie gee en die res vir myself hou? In Filippense 2:4 lees ons dat ons aan ander mense se gevoelens moet dink.** Lees die vers vir die kinders en vra hulle dan om dit saam jou te herhaal. Help kinders om Filippense 2:4 in hulle Bybels te kry as die tyd dit toelaat. **Wie se gevoelens is vir my die belangrikste wanneer ek al die lekkertjies vir myself hou? Wat sal ek doen wanneer ek ook vir JULLE belange en gevoelens omgee?** Nadat al die kinders opgedaag het, kan hulle stem oor wat die beste wyse sal wees om die lekkertjies te verdeel. Kinders verdeel en eet dan die lekkertjies.

Studeer

Die Bybelverhaal kan in 'n groot groep deur een onderwyser vertel word, of in kleiner groepe deur individuele onderwysers.

MATERIAAL

Bybel vir elke kind.

BYBELVAARDIGHEDE

Waar sal julle vir die boek Genesis in die Bybel soek? Genesis het baie hoofstukke. Vandag se storie is in hoofstuk 25. Die groot nommer op die bladsy sê vir 'n mens watter hoofstuk jy lees. Help kinders om Genesis 25 te vind.

INLEIDING

Ken enigeen van julle 'n tweeling? Is hulle presies dieselfde? Hoe is hulle dieselfde? Hoe verskil hulle van mekaar? Kinders antwoord. **Vandag gaan ons hoor van 'n tweeling wat lank gelede in die Bybelse tyd geleef het. Hulle name was Jakob en Esau. Luister of julle kan agterkom in watter opsigte Jakob en Esau dieselfe was of van mekaar verskil het .**

JAKOB EN ESAU

Abraham se seun, Isak, het grootgeword en 'n man geword. Hy het met 'n pragtige vrou met die naam Rebekka getrou. Hulle was lank getroud, maar het glad nie kinders gehad nie. Hulle het gebid en vir God gevra om vir hulle 'n kind te gee. God het toe hulle gebed verhoor. Hulle sou 'n babatjie gekry het, maar raai wat? Dit was nie net een baba nie; daar was twee babas. Isak en Rebekka sou 'n TWEELING hê!

Uiteindelik is die babas toe gebore. Party tweelinge lyk dieselfde. Van hulle tree sommer dieselfde op ook, maar hierdie tweeling was net op twee maniere dieselfde. Hulle was altwee seuns en hulle het in dieselfde huis gebly. Hulle het op baie ander maniere van merkaar VERSKIL! Esau was groot gebou en sterk en het baie hare op sy lyf gehad. Hy was lief vir die buitelewe. Hy het deur sy kinderjare geleer om met 'n pyl en boog te jag. Hy het gejag sodat daar kos vir sy familie kon wees.

Esau se tweelingbroer, Jakob, het glad nie soos hy gelyk nie. Jakob was

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.

stillerig en het ‘n gladde vel gehad. Hy het altyd naby die gesinstent gebly, en hy het seker ‘n goeie kok geword.

Isak was trots op sy sterk seun, Esau, en omdat Esau eerste gebore is, het Isak die geboortereg aan Esau belowe. Dit beteken dat Esau eendag die leier van die familie sou word. Dit het ook beteken dat Esau twee keer meer van sy pa se besittings as Jakob sou erf. **Waarin was Jakob en Esau dieselfde? Waarin het hulle van mekaar verskil?**

‘N SELFSUGTIGE UITRUILING

Op ‘n dag het Esau gaan jag. Hy het lank gejag, sonder om enigiets vir aandete te vang. Dit was toe amper etenstyd en hy was moeg en baie, BAIE honger. Terwyl hy nader aan die gesinstent gekom het, het hy KOS geruik, en dit het HEERLIK geruik! **Watter kos ruik vir júlle lekker?**

Esau kom toe in die tent in. Hy kyk na die vuur en daar staan toe ‘n pot sop! Raai wie was besig om dit te roer? Jakob! Jakob het gekook terwyl Esau gejag het. Jakob sien toe dat Esau niks vir aandete huis toe gebring het nie. Hy het ook gesien dat Esau BAIE GRAAG van sy sop wou hê!

Esau vra toe: “Gee vir my van daardie sop. Ek is vreeslik honger!”

Jakob wou dit egter nie net vir Esau GEE nie. Nee, hy dink toe aan ‘n slimplan waardeur Esau daarvoor moet betaal.

Jakob antwoord toe: “Ek sal vir jou van hierdie sop gee, NET as jy belowe om vir my jou geboortereg te gee.”

Esau sê toe: “Ek voel of ek gaan doodgaan, so honger is ek. Daardie geboortereg gaan vir my niks beteken as ek dood is nie. Gaan voort. Jy kan maar my geboortereg KRY. Gee my net van daardie sop!”

Esau verruil toe sy reg om eendag die familieleier te word. Hy het die erfinis wat hy by sy pa sou erf, vir sop verruil! **Dink julle dit was ‘n regverdige uitruiling? Hoekom of hoekom nie?** Jakob het geweet dat dit ‘n onregverdige uitruiling was, maar hy het nie omgegee nie. Hy het net vir sy EIE belange omgegee. Indien Esau die uitruiling wou doen, was dit dom van hom, maar dit was nie SY probleem nie. Jakob het glad nie omgegee oor wat die beste vir Esau was nie. Hy het ook nie geweet dat sy selfsugtige optrede eendag baie groter moeilikheid vir hom sou veroorsaak nie!

GEVOLGTREKKING

Wanneer die Bybelverhaal in ‘n groot groep vertel word, moet die groep in kleiner groepe verdeel word. Begelei die kinders om oor die verhaal na te dink en dan die Bybelwaarhede in hulle eie lewens toe te pas. Voltooi Les 6 van die *iNdlela Werksblaaie vir Primêre Laerskoolkinders.*

MATERIAAL

Bybels, afskrifte van Les 6 van die *iNdlela Werksblaaie vir Primêre Laerskoolkinders*, twee stukkies papier of karton, pen.

VOORBEREIDING

Skryf die woorde “selfsugtig” en “onselfsugtig” op twee afsonderlike papiere neer.

WERKSWYSE

Wys die twee papiere en lees die woorde hardop. Lees die volgende sinne en laat die kinders beurte maak om die woord te kies wat die sinne uit vandag se Bybelverhaal die beste beskryf:

Esau het gehelp om vleis as kos vir sy gesin te voorsien.

Jakob het vir sy gesin gekook.

Jakob wou die spesiale erfenis hê wat Esau sou kry.

Jakob wou nie vir Esau iets te ete gee nie, tensy Esau sy geboortereg verruil.

Nadat kinders geantwoord het, vra:

» Hoe dink julle het Esau teenoor Jakob gevoel nadat Esau sy geboortereg verruil het?
» Wat sou julle doen as julle Esau was?
Enigeen antwoord.
Selfsug was nie net ‘n probleem in Bybelse tye nie.
» Is dit maklik of moeilik om met selfsugtige mense oor die weg te kom? Hoekom?
» Baie keer wil mense nie vriende wees met selfsugtige mense nie. Wie weet wat sê God se Woord oor selfsugtige optrede?

In Filippense 2:4 lees ons dat ons vir ander moet omgee. Lees die vers vir die kinders **Ons moet vandag nog dieselfde keuses maak - om selfsugtig of onselfsugtig te wees. Wanneer sal kinders moontlik daardie keuse moet maak?** (Kinders kan voorbeelde noem soos wanneer iemand ‘n nuwe speelding kry, wanneer vriende kies watter speletjie om te speel en wanneer die gesin kies watter TV program om te kyk.) Enige kind beskryf dan ‘n selfsugtige of onselfsugtige daad van ‘n persoon in een van die genoemde voorbeelde. Die ander kinders kies dan die woord (“selfsugtig” of “onselfsugtig”) wat die persoon se aksie die beste beskryf. Herhaal die aktiwiteit met ander kinders.

Help die kinders om die aktiwiteit “Wees Op die Uitkyk vir Ander” op bladsy 1 van die *iNdlela Werksblaaie vir Primêre Laerskoolkinders* te voltooi en bespreek dan hoe kinders vir elke persoon in die prentjie kan omgee. Indien daar tyd oor is, laat die kinders hulleself as onselfsugtig op die prentjie teken.

Sluit af in gebed.

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.

Toepassing

Kies een van die volgende aktiwiteite en help die kinders om die verhouding te ontdek tussen die Bybelwaarheid wat hulle geleer het en hulle dag tot dag ervarings.

Speletjie Opsie Kom Bymekaar

MATERIAAL
Bybels.

WERKSWYSE

1. **Het julle al ooit saam met 'n selfsugtige persoon gespeel wat nooit vir julle 'n beurt wou gee nie? Hoe het julle toe gevoel? Wat het julle toe gedoen?** Gee kinders kans om te antwoord. **Wat gebeur gewoonlik wanneer iemand selfsugtig is en nie aan ander mense se gevoelens dink nie? Hoekom is dit 'n goeie begin om beurte te maak?** Lees Filippense 2:4 saam die kinders. **Hoe wil God hê moet ons ander mense behandel?**

2. **Ons gaan 'n speletjie speel om ons daaraan te herinner om vir ander se belange om te gee.** Verdeel kinders in pare. Die twee kinders staan dan rug aan rug en haak by mekaar se elmboë in. Hulle moet probeer om van die een kant van die klaskamer na die ander kant te loop sonder om te val. **Wat gaan gebeur as julle nie saamwerk nie? Wat gaan gebeur as jy en jou maatjie in twee verskillende rigtings probeer loop? Wanneer een van julle groot treë neem en die ander een klein treë? Hoe kan julle vir mekaar se belange omgee terwyl julle hierdie speletjie speel?** Wys die kinders se aandag daarop wanneer daar 'n ongelyke getal kinders in jou klas is. **Vra dan: Hoe kan ons as 'n groep omgee vir (Dawid) se belange? Wat kan ons doen sodat almal 'n beurt kan kry om te speel?**

3. Wissel nou die speletjie af deur die kinders drie-drie te verdeel. Drie kinders staan dan in 'n sirkel en kyk weg van mekaar af, haak by mekaar se elmboë in en herhaal die aktiwiteit. Hou aan speel en maak die groepe al groter, totdat die hele klas een groot groep vorm.

4. Sluit die aktiwiteit af deur te sê: **Ek het voorvalle gesien dat julle vir mekaar se belange omgegee het terwyl julle die speletjie gespeel het. Kom ons vra God om ons te help om onselfsugtig te wees wanneer ons met ander mense werk of saam met hulle speel.** Lei kinders in gebed.

Diensbaarheid Opsie Laat Ek Jou Help

MATERIAAL
Bybels, papier of karton, kokipenne of inkleurkryte; opsioneel - plakkers, mooi blomme of enige versierings vir kaartjies.

WERKSWYSE

1. **Hoe sou dit wees wanneer niemand vir mekaar omgee? Wat kon gebeur indien almal selfsugtig was?** Kinders deel opinies.

Lees en herhaal Filippense 2:4 saam die kinders.

» **Wie het in vandag se storie net vir sy eie belange omgegee?**

» **Wat kon Jakob gedoen het om liewers anders op te tree?**

2. **Ons gaan vandag omgee vir ander se belange.** Verduidelik die diensbaarheidsprojek wat jy gekies het (of gee vir die kinders die opsie om self te kies.) Lei dan die kinders en voer die projek uit. Bid saam met die kinders vir die mense wat die kaartjies gaan ontvang, as deel van die aktiwiteit.

Afwesigheidskaartjies

Kinders teken prentjies en skryf boodskappies op kaartjies vir die afwesige kinders.

» **Wat kan julle skryf om vir (Johan) en (Susan) uit te nooi om volgende week weer klas toe te kom?**

» **Waarvan kan julle teken om te wys dat julle die klas geniet?** Laat kinders wat nie kan skryf nie toe om 'n boodskappie op te sê wat jy dan neerskryf. Skryf 'n adres op die kaartjies, plak 'n seël op en pos die voltooide kaartjies, of gee dit vir die kinders om dit aan die kind by die skool te gee.

Bemoedigingskaartjies

Oumense vir wie dit moeilik is om kerk toe te kom of wat in die hospitaal is, sal 'n bemoedigingskaartjie waardeer. Kinders teken dan prentjies en skryf woorde van bemoediging op die kaartjies. Verse uit Psalms soos "Loof die Here, want Hy is goed." (Psalm 136:1) sal gepas wees.

Opsioneel: Reël met die kinders vir 'n tyd om die kaartjies persoonlik by 'n ouetehuis of by 'n hospitaal te gaan aflewer.

Aanbiddingstyd

GEBED

Dit is baie goed wanneer ons God se bevel volg om vir ander se belange om te gee. Bid en vra vir God om kinders te help om onselfsugtig op te tree

AANBIDDINGSLIED

Daar is baie liedjies wat handel oor liefde wat ons vir mekaar moet hê. Hou ook aan om vir die kinders die liedjie vir hierdie Eenheid (wat fokus om reg voor God te leef) te leer.

Handig die *iNdlela Werksblaaie vir Primêre Laerskoolkinders* uit voordat die kinders gaan. Vestig hulle aandag op die *Storie om te lees* en *Vrae om oor te gesels* wat tuis gedoen moet word.

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.